Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS HUISTAAL V3

MEI/JUNIE 2026

PUNTE: 100

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Opstel (50)
   AFDELING B: Transaksionele Tekste (2 x 25) (50)

2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. deur 'n breinkaart/diagram/vloeidiagram/ kernwoorde te gebruik), taalversorg en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en netjies deurgehaal word.

7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

   AFDELING A: ongeveer 100 minute
   AFDELING B: ongeveer 80 minute (2 x 40) minute

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

10. Skryf netjies en leesbaar.

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde. Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

1.1 Dié wyse woorde sal ek altyd onthou. **[50]**

1.2 Met klein treetjies ... **[50]**

1.3 Is wonderwerke nog steeds 'n werklikheid? **[50]**

1.4 Ons is vasgevang in ons eie, selfgemaakte tronke. **[50]**

1.5 as die lewensberg voor jou
hoër
as die mensmoed
in jou binneste uittoring
onthou dat jou voete óók
van
ROTS
gemaak is ... – @ys

[Verwerk uit https://za.pinterest.com/pin/387661480417998314/] **[50]**

Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skryf die vraagnommer (1.6, 1.7 OF 1.8) en jou eie titel neer.

1.6



[Bron: https://www.pexels.com/photo/man-jumps-from-cliff-to-water-1168742] **[50]**

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.7



[Bron: https://www.canva.com/photos/MAC_E9BUUJc-hands-holding-different-shoes] **[50]**

1.8



[Bron: www.bbc.co.uk/programmes] **[50]**

TOTAAL AFDELING A: 50

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende onderwerpe en skryf 180 tot 200 woorde oor elkeen. Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

2.1 **INFORMELE E-POS**

Jy is tans op 'n sporttoer. Skryf 'n E-POS aan 'n vriend(-in) waarin jy vertel van 'n besondere ervaring wat jy gedurende die dag beleef het EN waarom dié ervaring jou aan haar/hom laat dink het.

Van	
Aan	
Datum	
Onderwerp	

Gebruik die formaat hierbo en skryf die e-pos. **[25]**

2.2 **KOERANTBERIG**

"PLAASLIKE HOËRSKOOL PLAAS VERBOD OP SELFONE"

Skryf 'n KOERANTBERIG met hierdie opskrif/kop. **[25]**

2.3 **RESENSIE**

Jy het onlangs 'n nuwe aanlyn toep ("app") begin gebruik.

Skryf 'n RESENSIE oor hierdie toep. **[25]**

2.4 **TOESPRAAK**

As oudmatrikulant moet jy die leerders van jou vorige skool oor die volgende onderwerp toespreek:

DIT WAT JY IN DIE SKOOL LEER, GELD STEEDS VIR DIE GROOTMENSWÊRELD.

Skryf die TOESPRAAK. **[25]**

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.5 **DIALOOG**

Jy staan in 'n ry by die verkeersdepartement om 'n afspraak vir 'n leerling-lisensie te maak. Jy en die persoon voor jou raak in 'n gesprek betrokke. Ná die gesprek voel jy verryk.

Skryf die DIALOOG. **[25]**

2.6 **FORMELE BRIEF: DEKBRIEF**

Lukas Gerber stel in die pos van winkelassistent, wat in *Die Kwêvoël* van 23 Maart 2026 geadverteer word, belang. (Sien advertensie hieronder.)

!!BEKWAME WINKELASSISTENT BENODIG!!	
KLERE MET GIERE is 'n winkel wat in ontspanningsdrag vir jongmense spesialiseer. Ons verskaf handelsmerke soos NIKE, POLO en OLD KHAKI aan mans en dames.	'n Vakature vir 'n dinamiese winkelassistent is vanaf 1 Augustus 2026 beskikbaar. Die ideale kandidaat beskik oor kennis van handelsmerke en die nuutste modes. Goeie menseverhoudinge is 'n vereiste. Ons bied: - 'n Mededingende salaris - Billike werksure - 'n Stimulerende werkomgewing
Geskikte kandidate wat aan die vereistes voldoen en 'n passie vir klere en modes het, is welkom om aansoek te doen. Stuur jou CV en gepaardgaande dekbrief voor of op 25 Junie 2026 aan: **Die Bestuurder** **KLERE MET GIERE** **Posbus 231** **Kaapstad** **8000**	

Lukas voldoen aan al die vereistes vir die pos. Sy CV (op bladsy 7) is reeds saamgestel.

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

CURRICULUM VITAE
LUKAS GERBER

VAN EN VOLLE NAME:	GERBER, LUKAS JOHANNES
IDENTITEITSNOMMER:	0207083342087
TELEFOONNOMMER:	092 368 4252
E-POSADRES:	lgerber02@gmail.com
TALE MAGTIG:	AFRIKAANS ENGELS ZOELOE
REKENAARVAARDIGHEID:	Baie vaardig in: WORD, EXCEL, PASTEL
AKADEMIESE REKORD:	
- **Hoërskool Bergvliet**	Graad 12 - Afrikaans 78% - Engels 83% - Zoeloe 65% - Besigheidstudies 69% - Lewensoriëntering 74% - Wiskundige Geletterdheid 59% - Rekenaartoepassingstegnologie 77%
ONDERVINDING:	Vakansiewerk: H&M (2023–tans)
REFERENTE:	Mnr. Johan Fourie Skoolhoof Hoërskool Bergvliet jfourie8@gmail.com Me. Sophia Myburgh Winkelbestuurder: H&M sm00@yahoo.com

Skryf die DEKBRIEF wat die CV hierbo sal vergesel. **[25]**

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou
downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS HUISTAAL V3

MEI/JUNIE 2026

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 100

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

ALGEMENE ASSESSERINGSRIGLYNE

NASIONALE NASIENSIMBOLE

VERDUIDELIKING	SIMBOOL	BESKRYWING
Woordorde	(⟶)	Hakies en pyltjie
Woord(e) weggelaat	^	Weglaatteken/Karet
Taalfoute	———	Enkelstreep onder die taalfout
Spelfoute	=	Dubbelstreep onder die spelfout
Paragraafindeling	[	Begin van 'n nuwe paragraaf
Nuwe sin	L	Begin van 'n nuwe sin
Woord(-keuse)-foute	X	Trek 'n X bo-oor die verkeerde woord.
Erkenning van taaljuweeltjies	✓	Regmerkie bo goeie taalgebruik, idees of uitdrukkings
Onduidelik/onverstaanbaar	∫ (in die kantlyn)	Kronkelstreep
Punktuasie	O	Omkring

Neem taalvariëteit in ag.

AFDELING A: OPSTEL

AFDELING A word volgens die rubriek uit 50 geassesseer. Die kandidaat mag slegs oor EEN onderwerp of prikkel skryf. Hy/Sy mag enige tipe opstel, toepaslik volgens hoe hy/sy die onderwerp interpreteer, skryf. Slegs die finale poging word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste opstel nagesien.

NASIENRIGLYNE

Dui aan die einde van die opstel die kodes soos volg aan:

Voorbeeld:

Inhoud:	**I = Kh = 22**
Taal, styl en redigering:	**T = Kl = 10**
Struktuur:	**S = K = 4**
Skryf dan die totaal van die opstel aan die regterkant (onder die opstel).	**36**

Dra die punt uit 50 oor na die BEGIN van die opstel (behoort by die beplanningsgedeelte te wees).

DIE FORMAAT VAN DIE OPSTEL

- **Inleiding:** Dit is gewoonlik een paragraaf waarin die onderwerp bekendgestel word. Dit behoort treffend, relevant, saaklik en kort te wees.
- **Liggaam:** Dit is verskeie paragrawe waarvan die eerste sinne gewoonlik die hoofgedagte bevat. Die daaropvolgende sinne is ter ondersteuning van die hoofgedagtes en is menings van die skrywer. Die laaste sinne bevat gewoonlik die samevatting van die hoofgedagte.
- **Slot:** Dit is die laaste paragraaf wat die opsomming van die skrywer se mening of sy/haar standpunt insluit. In die geval van 'n verhalende, beskrywende en bespiegelende opstel vat die slot die skryfstuk saam, terwyl 'n argumenterende en beredeneerde opstel se slot die skrywer se finale standpunt/mening weerspieël.

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

SOORTE OPSTELLE:

VERHALENDE OPSTEL
Dit is 'n interessante vertelling van 'n storie/gebeurtenis/-se (gewoonlik uit die verlede). Dit kan vanuit enige perspektief geskryf word.

Hou die volgende in gedagte:

- Dit handel oor iets wat gebeur het en vertel word ('n storie of gebeurtenis).
- 'n Sterk oortuigende storielyn ontwikkel logies en die verhaal oortuig.
- Dit is opreg en met entoesiasme geskryf.
- Die inhoud is boeiend en interessant, dit oortuig en ontwikkel logies, daarom is die inhoud samehangend.
- Die verhaal word uit eie ervaring geskryf, maar kan fiktief wees.
- Karakterisering oortuig en die agtergrond/atmosfeer is geslaagd.
- 'n Treffende inleiding wat die leser boei, word aangebied.
- 'n Verrassende slot rond die inhoud af.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Die verlede tyd word gewoonlik gebruik.

BESPIEGELENDE OPSTEL
Die skrywer oorweeg/deurdink 'n idee/lewenswaarheid/'n situasie en gee sy/haar emosionele reaksies en gevoelens weer. Dit bespiegel oor drome of wense/moontlikhede.

Hou die volgende in gedagte:

- Die probleem, situasie, saak, onderwerp word omskryf.
- Die onderwerp word bepeins, oordink: verskillende opsies word teen mekaar opgeweeg.
- Dis persoonlik van aard.
- Daar is 'n definitiewe struktuur, maar 'n gevolgtrekking is nie nodig nie.
- Dit hoef nie 'n gebalanseerde bespreking te bied nie – dit kan humoristies of ernstig geskryf word.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

BEREDENEERDE OPSTEL

Dit is objektief en probeer om 'n gebalanseerde gesigspunt van beide kante van 'n argument te gee. Die skrywer oorweeg verskeie aspekte van die onderwerp onder bespreking en bied teenstellende menings onpartydig aan. Die skrywer mag tot 'n spesifieke gevolgtrekking aan die einde van die opstel kom, maar die argumente vir en teen die onderwerp moet goed gebalanseerd en duidelik in die ontwikkeling van die opstel ontleed wees.

Hou die volgende in gedagte:

- Die opstel handel oor 'n onderwerp waaroor standpunt alreeds tydens die inleiding, ingeneem word.
- BEIDE kante van die argument moet beredeneer word.
- Die inhoud oortuig en ontwikkel logies en helder.
- Dit bevat goed gemotiveerde en ondersteunende stellings.
- 'n Gevolgtrekking word in die slotparagraaf, wat aansluit by die inleiding, gemaak. Die slot gee 'n sterk aanduiding van die skrywer se mening.
- Die leser word deur die skrywer se standpunt oortuig.
- Oorredende en emotiewe taalgebruik kom voor.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Hoewel objektief, kan die skrywer ook persoonlik raak.

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

ARGUMENTERENDE OPSTEL

Die skrywer het 'n spesifieke mening en argumenteer daaroor om sy/haar standpunt te motiveer.

Hou die volgende in gedagte:

- Dit is subjektief en definitiewe menings moet gestel word.
- 'n Eie mening word op 'n baie oorspronklike en treffende manier gegee.
- 'n Reeks argumente om perspektief te motiveer, word gegee.
- Verdediging of aanval van 'n saak word enduit volgehou.
- 'n Verskeidenheid stylfigure en oorredingstegnieke kan gebruik word.
- Sterk gevoelstaal wat emosioneel is, maar nie kru taal nie, kan gebruik word.
- Daar moet 'n duidelike en oortuigende slot wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

BESKRYWENDE OPSTEL

Die skrywer beskryf iets/iemand soos hy/sy dit ervaar (dis moeilik om iets te beskryf wat nie eerstehands ervaar is nie) en stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word, net so lewendig soos hy/sy te beleef.

Hou die volgende in gedagte:

- Waarnemings met al vyf sintuie en 'n goeie woordeskat word vereis.
- Insig, begrip, 'n eie belewing en sinvolheid geniet aandag (dit is meer as net die opnoem van waarnemings).
- Tekste kan varieer van meer realisties tot 'n verdieping in die aanbieding.
- Eie gevoelens oor dit wat beskryf word, kan gegee word.
- Plekke en gebeure word presies en akkuraat beskryf.
- Karakters moet lewensgetrou wees: innerlik en uiterlik.
- Beeldspraak, idiome en spreekwoorde word oorspronklik aangewend.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Beskrywing het atmosfeer en stemming ten doel: dit word hoofsaaklik gedoen deur die konnotasie en nie net die denotasie van woorde nie.
- Stylfigure kan gebruik word.

TOTAAL AFDELING A: 50

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

VRAAG 1

Riglyne

Assesseer die opstel, sonder vooroordeel, vanuit die kandidaat se oogpunt en interpretasie. Hierdie moontlikhede (nasienriglyn hieronder) mag nie as bindend beskou word nie. Die kandidaat bied dus enige soort opstel aan.

1.1 **Dié wyse woorde sal ek altyd onthou.**

- Die opstel kan verhalend/bespiegelend/beredeneerd/argumenterend/beskrywend van aard wees.
- Die onderwerp kan letterlik/figuurlik geïnterpreteer word.
- Die opstel moet samehangend gestruktureerd wees.

Inhoud:

- Die kandidaat moet na letterlike woorde/'n frase wat onthou word, verwys.
- Die kandidaat moet na die situasie/gebeure/voorval wat tot dié wyse woorde aanleiding gegee het, verwys.
- Die opstel kan met hierdie woorde begin of eindig, maar dit is nie verpligtend nie.
- 'n Figuurlike interpretasie sal byvoorbeeld na emosies/gevoelens wat met die betrokke woorde gepaardgaan,/opgeroep word, verwys.
- Enige relevante interpretasie van die onderwerp moet na verdienste beoordeel word.

Taal:

- Taal-/woordgebruik moet gepas/effektief wees. **[50]**

1.2 **Met klein treetjies ...**

- Die opstel kan verhalend/bespiegelend/beredeneerd/argumenterend/beskrywend van aard wees.
- Die onderwerp kan letterlik/figuurlik geïnterpreteer word.
- Die opstel moet samehangend gestruktureerd wees.

Inhoud:

- Die woorde, "klein treetjies", kan letterlik na klein treetjies verwys.
- Op figuurlike vlak kan die kandidaat byvoorbeeld na kleiner faktore/handelinge/denke wat groot veranderinge teweegbring/teweeggebring het, verwys.
- Enige relevante interpretasie van die onderwerp moet na verdienste beoordeel word.

Taal:

- Taal-/woordgebruik moet gepas/effektief wees. **[50]**

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.3 **Is wonderwerke nog steeds 'n werklikheid?**

- Die opstel kan verhalend/bespiegelend/beredeneerd/argumenterend/beskrywend van aard wees.
- Die onderwerp word letterlik/figuurlik geïnterpreteer.
- Die antwoord op die vraag kan in die opstel na vore kom/geïmpliseer word, hetsy "JA" of "NEE".
- Die opstel moet samehangend gestruktureerd wees.

Inhoud:

- Die kandidaat kan in 'n verhalende opstel letterlik na 'n wonderwerk(e) wat in sy/haar lewe gebeur het, verwys.
- In 'n beredeneerde/argumenterende opstel kan die kandidaat sy insig/mening/ opinie oor die hedendaagse bestaan van wonderwerke lug.
- Enige relevante interpretasie van die onderwerp moet na verdienste beoordeel word.

Taal:

- Taal-/woordgebruik moet gepas/effektief wees. **[50]**

1.4 **Ons is vasgevang in ons eie, selfgemaakte tronke.**

- Die opstel kan verhalend/bespiegelend/beredeneerd/argumenterend/beskrywend van aard wees.
- Die onderwerp kan letterlik/figuurlik geïnterpreteer word.
- Die opstel moet samehangend gestruktureerd wees.

Inhoud:

- Die kandidaat kan op letterlike vlak na byvoorbeeld die omheinde erwe/ sekuriteitskomplekse/veiligheidshekke/diefwerings voor vensters verwys.
- Op figuurlike vlak kan die kandidaat na persoonlike uitdagings/gewoontes wat hom/haar beperk,/keer om te ontwikkel verwys.
- In 'n beredeneerde/argumenterende opstel kan die kandidaat sy insig/mening oor die impak van selfgemaakte tronke op die psige van die mens gee.
- Enige relevante interpretasie van die onderwerp word na verdienste beoordeel.

Taal:

- Taal-/woordgebruik moet gepas/effektief wees. **[50]**

1.5

as die lewensberg voor jou
hoër
as die mensmoed
in jou binneste uittoring
onthou dat jou voete óók
van
ROTS
gemaak is … – @ys

- Die opstel kan verhalend/bespiegelend/beskrywend van aard wees.
- Die onderwerp kan hoofsaaklik figuurlik geïnterpreteer word.
- Die opstel moet samehangend gestruktureerd wees.

Inhoud:

- 'n Figuurlike interpretasie sal byvoorbeeld na uitdagings in 'n mens se lewe, wat jou moed toets,/breek, verwys. Verder sal die herinnering daaraan dat jy vasstaan/geanker is jou nuwe moed/durf gee.
- Enige relevante interpretasie van die onderwerp moet na verdienste beoordeel word.

Taal:

- Taal-/woordgebruik moet gepas/effektief wees **[50]**

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.6 **Die persoon wat spring**

- Die opstel kan verhalend/bespiegelend/beredeneerd/argumenterend/beskrywend van aard wees.
- Die onderwerp kan letterlik/figuurlik geïnterpreteer word.
- Die opstel moet samehangend gestruktureerd wees.

Inhoud:

- Op letterlike vlak kan die kandidaat na die rede(s) waarom hy/sy van die rots afspring, verwys.
- Die onderwerp kan figuurlik geïnterpreteer word wanneer die kandidaat na situasies/geleenthede in sy/haar lewe, wat hom/haar aanmoedig om 'n verandering te maak, verwys.
- Die rots kan ook op simboliese vlak as 'n struikelblok wat oorkom (moet) word, geïnterpreteer word.
- Enige relevante interpretasie van die onderwerp moet na verdienste beoordeel word.

Taal:

- Taal-/woordgebruik moet gepas/effektief wees. **[50]**

1.7 **Skoene en hande**

- Die opstel kan verhalend/bespiegelend/beredeneerd/argumenterend/beskrywend van aard wees.
- Die onderwerp kan letterlik/figuurlik geïnterpreteer word.
- Die opstel moet samehangend gestruktureerd wees.

Inhoud:

- Op letterlike vlak kan die kandidaat na verskillende geleenthede, waarheen verskillende skoene gedra moet word, verwys.
- Op figuurlike vlak kan die kandidaat na verskillende emosies/gevoelens/herinneringe/spreekwoorde, wat aan skoene geheg word, verwys. Hoëhakstewels kan byvoorbeeld na die pyn en lyding van die lewe verwys teenoor tekkies/stapskoene/gemaklike skoene wat na meer vrolike oomblikke kan verwys.
- Enige relevante interpretasie van die onderwerp moet na verdienste beoordeel word.

Taal:

- Taal-/woordgebruik moet gepas/effektief wees. **[50]**

1.8 **Groep mans**

- Die opstel kan verhalend/bespiegelend/beredeneerd/argumenterend/beskrywend van aard wees.
- Die onderwerp kan letterlik/figuurlik geïnterpreteer word.
- Die opstel moet samehangend gestruktureerd wees.

Inhoud:

- Op letterlike vlak kan die kandidaat byvoorbeeld na bendes/neefs/broers/vriende/sanggroepe/mans in 'n verhalende opstel verwys.
- Die onderwerp kan figuurlik na die negatiewe/positiewe emosie/gevoelens/herinneringe van ‘n ervaring met bendes/mans/neefs/broers verwys.
- Enige relevante interpretasie van die onderwerp moet na verdienste beoordeel word.

Taal:

- Taal-/woordgebruik moet gepas/effektief wees. **[50]**

TOTAAL AFDELING A: 50

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

AFDELING B word volgens die rubriek uit 25 geassesseer. Slegs TWEE tekste word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste teks nagesien.

NASIENRIGLYNE
Dui aan die einde van die skryfstuk die kodes soos volg aan:

Voorbeeld:
Inhoud, beplanning en formaat: **I = K = 10**
Taal, styl en redigering: **T = G = 6**
Skryf dan die totaal van die skryfstuk aan die regterkant (onder die teks). **16**

Dra die punt uit 25 oor na die BEGIN van die skryfstuk (behoort by die beplanningsgedeelte te wees).

2.1 **INFORMELE E-POS:**

Die e-pos word in 'n informatiewe trant geskryf. Dit verskaf inligting oor 'n besondere ervaring en waarom die ervaring jou aan hom/haar laat dink het.

Hou die volgende in gedagte:

- Die skryfstyl is informeel.
- Die formaat moet voorsiening vir 'n e-posadres asook 'n onderwerp maak.
- Die informele e-pos is gewoonlik onderhoudende kommunikasie met iemand vir wie die skrywer goed ken.
- Die e-pos moet 'n aanhef hê: Goeiemôre/Dag Pieter
- Die e-pos begin dadelik met die inhoud wat met die opdrag skakel.
- Die slot is net so belangrik soos die inleiding.
- Afsluitingswoorde (Liefde./Groete./Alles van die beste./Beste wense.) moet in 'n afsonderlike paragraaf geskryf word. (Dieselfde reël ten opsigte van die leesteken na die afsluitingswoord geld soos by die informele brief.)

Groete.

Ben

Groete
Ben

[25]

2.2 **KOERANTBERIG:**

Hierdie koerantberig lig die leser in dat 'n plaaslike hoërskool besluit het om selfone in dié skool te verbied. Gebruik die opskrif wat verskaf is.

Hou die volgende in gedagte:

- Vermeld die belangrikste feite reeds in die eerste paragraaf: wie, wat, waar, wanneer, waarom, hoe en in watter mate?
- Inligting oor die rede(s) vir gevolge/implikasie(s) van die verbod moet uitgelig word.
- Gee die feite kortliks en akkuraat.
- Strewe daarna om die belangrikste feite in objektiewe styl te gee. Som akkuraat op sonder om die waarheid te verdraai. Vermy emosioneel belaaide taal.
- Gebruik die opskrif wat verskaf is; 'n subtitel kan ook gegee word. **[25]**

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.3 **RESENSIE**

Die resensie lewer kommentaar oor 'n nuwe aanlyn toep ("app"). Die resensie kan op die voordele en nadele van dié toep fokus.

Hou die volgende in gedagte:

- Resensies word nie altyd volgens 'n vaste formaat geskryf nie.
- Oor die algemeen bepaal resensente wat hulle wil resenseer.
- Dit gee toepaslike feite, byvoorbeeld die naam van die toep, die verkoopprys, beskikbaarheid, ontwikkelaar van die toep.
- Die resensie sal byvoorbeeld na die geloofwaardigheid, teikengroep, gebruikersvriendelikheid, voordele en/of nadele verwys, maar dit is nie nodig om diepgaande spesifieke aspekte van die toep te bespreek nie.
- 'n Goeie resensie probeer om regverdig, maar eerlik, te wees; dit sal nie afbrekend wees nie.
- Humor kan in resensies gebruik word, met inagneming dat stylverskille sal voorkom.
- Die resensie moet 'n aanbeveling oor byvoorbeeld die aankoop/aflaai/gebruik van die toepassing maak. **[25]**

2.4 **TOESPRAAK**

In hierdie toespraak sal die spreker na die volhoubaarheid van die lesse wat hy/sy in die skool geleer het, en die toepassing/gebruik daarvan in die lewe na skool, verwys.

Hou die volgende in gedagte:

- By hierdie toespraak moet die gehoor gegroet word, byvoorbeeld Goeiemôre ... / Geagte Onderwysers en leerders ...
- Die styl moet by die geleentheid en die gehoor pas.
- Gebruik kort sinne met eenvoudige idees en bekende voorbeelde.
- Die inleiding moet treffend wees en die gehoor se aandag prikkel.
- Die inhoud van die toespraak moet in paragrawe aangebied word.
- Die slot moet die gehoor tot nadenke stem. **[25]**

2.5 **DIALOOG**

Die dialoog tussen twee persone vind by die verkeersdepartement plaas, en die inhoud daarvan laat die kandidaat as mens verryk voel.

Hou die volgende in gedagte:

- Twee mense voer die gesprek en dit moet in dialoogvorm aangebied word.
- 'n Scenario kan geskets word voordat die dialoog begin.
- Ekstra inligting kan as neweteks (tussen hakies), direk voor die spreker se woorde geskryf word.
- Taal en styl is informeel en gemaklik, maar geen slordige taal, slengwoorde en sms-taal is toelaatbaar nie.
- Spreekbeurte vind in die orde waarin die gesprek gevoer word en vanuit die spreker se perspektief plaas.
- Aanhalingstekens word nie gebruik nie.
- Elke spreekbeurt begin in 'n nuwe reël.
- Gebruik 'n dubbelpunt na die naam van elke spreker.
- Die verskil tussen gesproke en geskrewe Afrikaans is belangrik – daarom moet die redigering versigtig gedoen word. **[25]**

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.6 **FORMELE BRIEF: DEKBRIEF**

Hierdie formele brief (wat die kandidaat se CV sal vergesel) waarin hy aansoek doen vir die pos van winkelassistent, word aan die bestuurder van die klerewinkel gerig.

Hou die volgende in gedagte:

- Die skryfstyl is formeel.
- Daar moet twee adresse, 'n aanhef, 'n inhoudsopskrif en 'n afsluiting wees.
- Die styl is saaklik, maar hoflik.
- Die struktuur moet goeie paragraafbou insluit.
- Eenvoudige, direkte taal is nodig, maar 'n formele register moet gehandhaaf word.
- Die hele skryfstuk moet aan die vereistes vir die skryf van 'n dekbrief voldoen.
- Die brief moet formeel afgesluit word en die skrywer se voorletters en van moet gegee word:

  Die uwe
  L Gerber
  L. Gerber

[25]

TOTAAL AFDELING B: [25]
GROOTTOTAAL: 100

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

- Gebruik altyd die rubriek by die nasien van die opstel (Vraestel 3, AFDELING A)
- Punte van 0–50 is in VYF hoofvlakomskrywings verdeel.
- Die kriteria vir Inhoud, Taal en Styl is verder in elk van die vyf vlakomskrywing in 'n hoëvlak- en laevlaksubkategorie verdeel, met die toepaslike verspreiding van punte en die omskrywings.
- Struktuur word nie deur die verdeling in 'n hoë en lae vlak beïnvloed nie.

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL – HUISTAAL (50 PUNTE)

Kriteria		Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD & BEPLANNING (Respons en idees) Organisering van idees vir beplanning; Bewustheid van doel, gehoor en konteks	Hoë vlak	**28–30**	**22–24**	**16–18**	**10–12**	**4–6**
		Respons is uitsonderlik/ treffend en bo verwagting	Respons baie goed; getuig van vaardigheid	Respons bevredigend	Wisselvallige samehang in respons	Respons heeltemal irrelevant
		Idees is intelligent, volwasse en stem leser tot nadenke	Idees heeltemal relevant, interessant en lewer bewys van volwassenheid	Idees redelik samehangend en oortuigend	Idees onduidelik, nie oorspronklik nie	Idees deurmekaar en nie op onderwerp gefokus nie Vaag en herhalend
		Uitsonderlike organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	Organisasie baie goed en samehangend, insluitend inleiding, en liggaam en samevatting/slot	Redelike organisasie en redelik samehangend, insluitend inleiding, en liggaam en samevatting/slot	Min bewys van organisasie en samehang	Geen organisasie nie/ is onsamehangend
	Lae vlak	**25–27**	**19–21**	**13–15**	**7–9**	**0–3**
		Respons uitmuntend; uitsonderlike treffende eienskappe van 'n opstel ontbreek	Respons goed; getuig van vaardigheid	Respons bevredigend; verval soms in onduidelikheid	Respons is grootliks irrelevant	Geen poging aangewend om in ooreenstemming onderwerp te wees nie
30 PUNTE		Idees intelligent en volwasse	Idees relevant, interessant	Idees redelik same-hangend en oortuigend	Idees begin los staan en kan verwarrend wees	Heeltemal irrelevant en ontoepaslik
		Knap organisasie en samehang insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	Organisasie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	'n Mate van organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot	Skaars 'n bewys van organisasie en same-hang	Deurmekaar en geen fokus nie

Kriteria		Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
TAAL, STYL & REDIGERING Toon, register, styl en woorde-skat is geskik vir doel/effek en konteks; Punktuasie, grammatika, spelling, woordkeuse; Taalgebruik en konvensies	Hoë vlak	**14–15**	**11–12**	**8–9**	**5–6**	**0–3**
		Toon, register, styl en woordeskat hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks	Toon, register, styl en woordeskat baie gepas vir doel, gehoor en konteks	Toon, register, styl en woordeskat gepas vir doel. gehoor en konteks	Toon, register, styl en woordeskat minder gepas vir doel, gehoor en konteks	Toon, register, styl en woordeskat nie gepas vir doel. gehoor en konteks nie
		Taalgebruik getuig van vertroue, indrukwekkend	Taalgebruik effektief/ 'n deurlopende gepaste toon word gebruik	Gepaste taalgebruik om betekenis oor te dra	Taalgebruik baie basies	Taal onverstaanbaar
		Toon retories treffend en effektief Grammatika en spelling feitlik foutvry Knap gedaan	Grammatika en spelling grootliks foutvry Baie goed gedoen	Toon is gepas Retoriese middele gebruik om betekenis te versterk	Toon en woordkeuse skaars toepaslik Baie beperkte woordeskat	Woordeskat so beperk dat dit onmoontlik is om sin te maak
	Lae vlak	**13**	**10**	**7**	**4**	
		Taalgebruik uitstekend en toon is retories effektief	Taalgebruik toepaslik en oor die algemeen effektief	Voldoende taalgebruik – teenstrydighede opgemerk	Taalgebruik onvoldoende	
15 PUNTE		Grammatika en spelling feitlik foutvry Baie goed tot knap gedaan	Toon gepas en effektief Enkele foute in grammatika en spelling/Goed gedoen	Toon oor die algemeen gepas en beperkte gebruik van retoriese middele	Weinig indien enige sinsverskeidenheid Woordeskat baie beperk	
STRUKTUUR Kenmerke van teks;		**5**	**4**	**3**	**2**	**0 - 1**
		Uitstekende ontwikkeling van onderwerp Uitsonderlike detail	Logiese ontwikkeling van detail Samehangend	Relevante detail ontwikkel	Sommige punte geldig	Noodsaaklike punte ontbreek
Paragraaf-ontwikkeling en sinskonstruksie 5 PUNTE		Sinne en paragrawe uitsonderlik gekonstrueer	Sinne en paragrawe logies en toon variasie	Sinne en paragrawe goed gekonstrueer Opstel maak nog sin	Sinne en paragrawe foutief Opstel maak effens sin	Sinne en paragrawe foutief Opstel maak nie sin nie

downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

SS/NSS – Nasienriglyne

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR TRANSAKSIONELE TEKSTE HUISTAAL [25 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD, BEPLANNING & FORMAAT **Respons en idees: Organisering van idees vir beplanning; Doel, gehoor, kenmerke/konvensies en konteks** **15 PUNTE**	**13–15**	**10–12**	**7–9**	**4–6**	**0–3**
	Respons uitsonderlik, bo verwagting Idees intelligent en volwasse	Respons baie goed	Respons voldoende	Basiese respons	Respons toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie
	Grondige kennis van kenmerke van die soort teks	Demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks	Toon voldoende kennis van kenmerke van die soort teks	Toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks	
	Skryfwerk behou fokus	Behou fokus – geen afwyking nie	Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwykings	Aanduiding van fokus, maar met afwykings	Betekenis onduidelik met groot afwyking
	Samehang in inhoud Idees behoorlik uitgebrei	Samehang in inhoud Idees baie goed uitgebrei	Redelike samehang in inhoud en idees	Inhoud en idees nie altyd samehangend nie	Geen samehang in idees en inhoud nie
	Detail wat die onderwerp ondersteun	Detail wat die onderwerp ondersteun	Sommige detail ondersteun die onderwerp	Min detail ondersteun die onderwerp	Baie min detail ondersteun die onderwerp
	Gepaste en akkurate formaat	Gepaste formaat met onbeduidende foute	Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute	Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas Ernstige foute begaan	Nodige reëls van formaat nie toegepas nie
TAAL, STYL & redigering **Toon, register, styl, doel/effek, gehoor en konteks; Taalgebruik en konvensies; Woordkeuse; Punktuasie en spelling** **10 PUNTE**	**9–10**	**7–8**	**5–6**	**3–4**	**0–2**
	Toon, register, styl en woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks	Toon, register, styl en woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en konteks	Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel, gehoor en konteks	Toon, register, styl en woordeskat minder geskik vir doel, gehoor en konteks	Toon, register, styl en woordeskat stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie
	Grammatika akkuraat en goed gekonstrueer	Grammatika oor die alge-meen korrek en goed gekonstrueer	Enkele grammatikafoute	Grammatika onakkuraat met etlike foute	Besaai met foute en verward
		Baie goeie woordeskat	Voldoende woordeskat	Basiese woordeskat	Woordeskat nie geskik vir doel nie
	Feitlik foutloos	Oorwegend foutloos	Foute belemmer nie betekenis nie	Betekenis belemmer	Betekenis ernstig belemmer

Kopiereg voorbehou

downloaded from Stanmorephysics.com